Om Alles Te Besit

Ek is net so dankbaar om hier te wees. Ek waardeer julle gebede toe julle gehoor het van die ongelukkie wat ek gehad het. Dit wys maar net dat Satan jou nie kan vat voordat God gereed is nie. En ek skat baie van julle wonder hoe dit . . . wat gebeur het. Ek was altyd begunstig gewees . . . Soos julle weet ek . . . my stokperdjie, of waarmee ek ontspan, is om óf te gaan visvang óf daar na die skietbaan te gaan en te skiet, of te gaan jag, of so-iets. Ek is bly daaroor. As ek golf sou gespeel het, sou dit gewees het daar waar vroue half nakend is. En as ek—en as ek 'n balspeler sou gewees het, julle weet wat dit sou gewees het, daardie. Maar ek's—ek's bly dit was buitemuurs, soos visvang, jag en dinge.

2 En ek het altyd een van daardie Weatherby Magnum gewere begeer. En ek skat iemand sou dit vir my gekoop het as ek iets daaroor sou gesê het, maar ek het dit vir myself gehou, omdat dit te veel geld is wat hulle daarin wil steek, en ek ken sendelinge sonder skoene aan hulle voete. En dan iemand daarvoor laat betaal, soveel geld vat en vir 'n geweer betaal? Broer Art Wilson het vir Billy daaragter, 'n model sewentig Winchester gegee, nie lank gelede nie, 'n twee-sewe-en-vyftig Roberts. Mnr. Weatherby gee 'n papier uit dat hy daardie geweer kan vat vir net 'n klein verandering daarin en 'n Weatherby Magnum daarvan maak, sommer heeltemal veilig. So Broer Rodney kom hier kerk toe, Broer Rodney Armstrong het dit weggestuur en dit na 'n Weatherby Magnum laat omskakel. Dit is toevallig net nie reg omgeskakel nie. So toe ek dit afgevuur het, is die Weath- . . . Die Winchester Maatskappy sê hulle geweer sal nege-en-sestighonderd pond druk kan weerstaan. Julle weet wat dit sou wees.

3 En ek het die geweer pas opgetel, Broer Wood het saam met my daarheen gegaan, en dit was net omtrent 'n duim van my oog af, só. En die drukking wat nege-en-sestighonderd pond vir vyftig jaarts geblaas het, die geweerloop het daar na die vyftig-jaart-lyn gegaan, die slot het dié kant toe teruggegaan, en die geweer het sommer in my hand gedisintegreer. Net 'n vuurvlam omtrent so hoog soos die plafon daar, en dit was omtrent al wat ek geweet het vir 'n sekonde of twee. En, toe ek bykom, het die bloed ver uitgespuit soos *dit*, en ek het gedink ek is gedood, toe het soort van my hand *só* opgeruk vir 'n oomblik. En Broer Wood . . . ek het probeer kyk, en ek kon nie uit hierdie oog sien nie, en hom glad nie hoor nie. Ek het gevoel asof ek bo in die lug loop. En ek het Broer Wood sien uitgaan na die teiken toe om te sien waar die koeël getref het, en ek het sy aandag probeer trek. Toe het hy daar gekom en het ons nadergekom.

En die skrapnelring het reg om my oog gegaan. En my gesig het gelyk asof hy pas hamburger daarin gegooi het, waar dit my gesig sommer net opgeblaas het. En 'n groot swaar stukkie het net bokant die oog getref en 'n kring gemaak reg rondom die sinusbeen en die skedel *hier*. Dokter Adair het hulle uitgehaal.

4 'n Paar dae later, natuurlik, die volgende dag, was Dok self in die hospitaal. Hulle het my daar na 'n spesialis gestuur oor die oog. Hy het 'n kring gevind, net onder die sig, van omtrent dertig stukkies skrapnel wat reg diep in die oogappel ingegaan het. Dit kan nie uitgehaal word nie. Gegaan, net 'n sig gemis en 'n kring so rondom gemaak. Hy het gesê: "Al ding wat ek weet," hy het 'n brief vir Dokter Adair geskryf, het gesê: "die liewe Here moes by hom op die bank gesit het, om Sy dienskneg te beskerm, of hy sou nie eens 'n kop oorgehad het nie." Al wat Broer Wood sou gevind het, sou net van *hier* af ondertoe gewees het, sien. Daardie drukking wat teruggeblaas het! Ek weet nie hoe dit dit gedoen het nie. Maar daardie groot swaar slot uit 'n model sewentig geweer het heelpad teruggeblaas, as julle weet waar die Conservation Club is, heeldag tot by die wildkraal. En deel van die geweer het ons nooit gekry nie.

5 So, dit wys net iets. Ek het eendag 'n preek daaroor, as die Here wil, oor: "'n Omskakeling is in orde, maar jy moet dit liewer laag hou. As dit nie voorbestem is vir die vrag wat dit vat nie, sal dit elke keer opblaas." Dis reg. So moenie probeer om . . . Dit moet liewer die oorspronklike wees. Nie spot van sommige . . . ['n Suster praat uit die gemeente—Red.] Nou kyk, sien. Dis . . . O, natuurlik, jy sou jou kon voorstel dat dinge soos dit gesê sou word.

6 Maar, sover ek weet, daar—daar's nie een ding . . . Natuurlik, my ore, julle kan julle voorstel, dit tuit steeds as hierdie mikrofoon weergalm. Dis waarom ek nie vanmôre hier was nie. Jy praat, jy hoor dit heen-en-weer galm. Maar hulle het my na 'n spesialis gevat, gesê: "Die oordrom is nie eens geswel nie. En dan die oog," het gesê: "jy sal net dieselfde sig hê wat jy ooit gehad het." Gesê—gesê: "Dit is in onderkant die sig. Dit het slegs 'n sirkel om die oogappel gemaak, dit self ingebed." Gesê: "Jy sal altyd skrapnel hê."

7 Ek het gesê: "Ek het dit gehad vandat ek twee jaar oud was, dis van 'n ander een."

8 Broer Roberson daaragter, ek het hom gebel en het hom daarvan vertel. Het gesê: "Moet jou nie daaraan steur nie," gesê: "ek het twee of drie pond in my," het hy gesê. Hy's 'n veteraan van die oorlog. "So dit sal nie seermaak nie, ek het baie daarvan."

9 En ek onthou die visioen van die Here nie lank gelede nie. Onthou julle ek het dit hier vertel? Die goedheid van die Here daardie oggend, het gesê: "Vrees nie wat ook al, waarheen ook al jy gaan nie, of wat nie, want die Teenwoordigheid van Jesus

Christus wat nooit faal nie, is met jou waar jy ook al gaan." So hy kan nie, Satan kan my nie doodmaak, voordat God sê "dis klaar," nie. Sien? Hy kan dit probeer, maar hy sal nooit slaag om dit te doen nie.

10 So dan, die snaakse ding, ek het in elk geval voortgegaan, na my diens gegaan, waar ek uit hierdie linkeroog van my heel goed kon sien, en ek het voortgegaan na die diens in elk geval. En toe het hulle, die broer wat in die Indiaanse reservaat sou ingaan, moes die diens kanselleer, of uitstel, totdat ek terugkom na die Weskus en teen die Weskus opgaan. So ons gaan die diens daar neem. En gedurende hierdie tyd, het Broer Arganbright my in die hande gekry, en dan as daardie diens verby is, gaan ek ook op na Anchorage, Alaska. Waarom ek so baie staatgemaak het . . .

11 Baie van julle onthou die visioen wat ek gehad het, waar ek die grysbeer geskiet het, nege-voet grysbeer (en kerk onthou ek het hier daarvan vertel), en die kariboe. Ek het nog een gehad. Onthou dis hier op band, ek het 'n yslike groot bruinbeer gesien. Dit kan dalk 'n Kodiak-beer wees en dit sou nie daar in Kanada gewerk het nie, want hulle is nie daar nie, julle sien. Maar waar dit ook al sal wees, sal dit wees. Dit sal wees, dis SO SPREEK DIE HERE. Dit sal wees. Sien?

12 En nou bedank ek julle vir die bid vir my. Ek het geweet baie van julle sou bid wanneer julle gehoor het ek het seergekry. En een groepie wat sommer . . . My dogter daaragter, Rebekah, het vir Suster Dauch, wat hier na die kerk kom, 'n brief geskryf, en het haar daarvan vertel. En sy het Meda gebel 'n paar aande daarna, het gesê: "Ek weet nie of dit gehelp het of nie, maar almal van ons groep hier, het bymekaar gekom." Die Metodiste prediker en—en Broer Brown, hulle familielid en hulle almal het saamgekom, heelnag vir my gebid. Het gesê: "Ek weet nie of God gehoor het of nie, maar, ons het geweet Broer Branham het vir sovele gebid, ons het gedink ons sou vir hom bid." Dis die soort wat Hy wil hoor, sien. Dis reg, daardie soort soos dit!

13 Broer Crase, een van ons broers hier, Satan onlangs agter hom aan, het 'n duiksloot getref, o, dit sny sommer sy . . . volkome. Ek kan nie sien hoe hy ooit lewend daaruit gekom het nie. En toe het hy daar in die hospitaal gelê en het gesê daar het 'n broertjie ingekom van New Albany, met die naam van Metcalf, en hy het gesê: "Broer Crase, ek—ek's nie waardig om vir jou te kom bid nie, maar," gesê: "die Here het dit net in my hart geplaas, toe kon ek dit nie verhelp nie." En het net daar gekom en neergekniel, en 'n klein gebed gedoen en uitgegaan. God het Broer Crase net daar genees. Sien? Wanneer, sien, dis die gawe van genesing in die Liggaam van Christus, julle sien, een lidmaat teenoor 'n ander.

14 Moenie dink omdat jy slegs 'n leke lidmaat is nie; dit, jy's net soveel lidmaat as enigiemand anders. Dis net soveel my vinger

as hierdie arm my arm is, of hierdie oor my oor is. Sien? Dis net 'n lidmaat van die liggaam. En ons almal . . . As een lidmaat ly, ly alle lidmate saam daarmee. 'n Eenheid, hoe 'n geseënde eenheid! Nou ek . . .

15 Dan daarna, nou, het ek nog 'n paar dienste aanvaar en ek het 'n tydjie daar gelaat vir weer 'n aand saam met die tabernakel, as die Here wil. En, as God wil, hierdie komende Sondagoggend, wil ek praat oor *Die Profeet Se Paadjie*, en dan, by die tabernakel.

16 More-aand, of Sondagaand, is ek hier by die Evangelie Tabernakel, een van die broers, Broer Ruddell. Ek wil praat oor die onderwerp: *Stoom Afblaas*, as die Here wil.

17 En dan die volgende Dinsdag, ons moet dan vertrek na Wisconsin, met die Volle Evangelie Sakemanne se streekskonvensie. Ek sal vir drie aande daar wees. Dis by die . . . Billy, wat is die naam van daardie stad? Het ontvang . . . [Broer Billy Paul Branham sê: "Green Lake."—Red.] Green Lake, Wisconsin. ["Donderdag."] Wanneer? ["Donderdag, Vrydag en Saterdag; die sewentiende tot negentiende."] Donderdag, Vrydag en Saterdag; die sewentiende, agttiende en negentiende, by Green Lake, Wisconsin, die streekskonvensie.

18 En dan is ek op Sondag, van die twintigste, in Chicago by die Hoërskool ouditorium, daardie selfde ouditorium waarin ons die laaste keer was. Onthou jy wat daardie naam is? [Broer Billy Paul sê: "Stephen Mather."—Red.] Stephen Mather Hoërskool ouditorium, vir Sondagnamiddag.

19 Dan op Maandag is ek daar by die . . . ek vergeet die naam van die plek waar die Here my die konvensie gewys het daardie keer oor die Predikers Vereniging van Chicago, wat my ontmoet het om die onderwerpe te bespreek, julle weet. Ek het gesê: "En die Here het my daar by daardie plek gewys." Dis 'n afskeidsbyeenkoms vir Broer Joseph Boze, wat môre per vliegtuig hier sal wees om my te sien, en 'n afskeidspartytjie vir hom op Maandag.

20 Dan kom ons reg direk huis toe en vertrek dan, want dit sal dan tyd wees om te vertrek na Southern Pines, Suid-Carolina, of Noord-Carolina. En dan af na Columbus, Suid-Carolina. En dan na die Cow Palace aan die Weskus. En dan boontoe deur na Grass City, en voort op in die Spokane in, voort in Kanada in, en dan in Alaska. So wees in die gebed vir ons, ons het werklik julle gebede nodig.

21 En ons word in die Skrif geleer dat alle dinge meewerk ten goede vir hulle wat God liefhet. En ek glo, sedertdien, gesien die lojaliteit van die mense ensovoorts . . . Iemand het gesê: "Hoe sou dit gebeur, en wat sou God dit toelaat?" Ek sou kon gesterf het op die pad om daarheen te gaan, een of ander ding, Hy—Hy het iets gehad om daar verby te kom. Onthou, die Skrifte kan nie faal nie: "Alles werk ten goede mee vir hulle wat God liefhet." En, as ek

my hart ken, ek het Hom lief. Ek—ek het Hom met my hele hart lief. En dit bring ons 'n bietjie hegter tesaam.

22 En, om nou te dink, dat almal wat daarvan gehoor het, nie kon verstaan hoe ek nog 'n kop of 'n skouer oor het nie, sien julle, en het in al daardie ontploffing gesit. Dit, *so* na aan my, wat waarskynlik byna tweeduisend pond ontploffing reg in jou gesig sou wees. Sien, dis genoeg om jou net te disintegreer, sien, dit net weg te vee. As dit daardie swaar staalgeweer laat bars het en daardie loop reguit na die vyftig-treë-lyn geblaas het, en—en die kolf, julle moet net die geweer sien. Dit lyk net nie na 'n geweer nie, dis net stukke wat opgetel is.

23 En dan, daaruit, sonder een gebrek. Lof sy die lewende God! Net genoeg om my te weerhou van soontoe te gaan, totdat die woord van Eddie kom dat ek nie veronderstel was om op daardie tyd te kom nie. "Genade onbeskryflik groot, hoe soet die klank, wat sondaars, soos ek, kan red!" En dit laat ons dit weet, om te waardeer dat God met ons is. God is met ons, en hoe dankbaar is ons nie!

24 Nou, ek het vertel, ek het vanoggend gedink ek sou afkom hiernatoe, toe het kosbare broer hier toe ek terug was. . . Ek het vandag vir suster Wood gesê, ek skat broer Neville. . . Billy het my geroep en gesê: "Luister na die boodskap as jy kan." En ek reken 'n stukkie van daardie metaal het uitgewerk en ingekom daar onder my oog ingekom, dit het my regtig laat les opsê, maar dis nou uit. Hulle het uitgewas gekry. En so toe het hy gesê. . . Vanaand het ek gedink ek sou afgaan, en daardie kosbare broer wat waarskynlik so preek; ek weet wat dit is wanneer jy een groot diens het, dan is jy regtig hees, julle weet, en—en die keel brand en is seer. Toe het ek gedink ek sal afgaan, en ek het 'n paar Skrifte uitgesoek om te lees. Ek het gedink: "Nagmaalaand."

Ek wil altyd nagmaal gebruik.

25 Dan het ek 'n paar vriende gehad, hulle is hier êrens. Ek sien nie te goed nie, soos julle verstaan. Daar's steeds belladonna in daardie oog wat oopgesper is, net soort van 'n waas. En so is hulle hier, vriende en familie van my kosbare goeie broer, F.F. Bosworth, in Heerlikheid. So die Here seën daardie mense, ons het pas vir hulle gebid in die agterste kamer.

26 Nou, moenie vergeet nie, Woensdagaand is ons middel-van-die-week biduur. En ek dink, Broer Jackson, syne is Donderdagaand. En Broer Junior hier is op. . . Of, Broer Ruddell is op Woensdagaand. En die tabernakel in Utica is op Woensdag. [Broer Neville sê: "Dis op Donderdagaand."—Red.] Op Donderdagaand. En dan terug hier op Sondagoggend vir 'n gemeentelike diens.

27 En dan nou, en Sondagaand moet ek saam met Broer Ruddell wees. Ek sou dit op 'n Woensdagaand wou maak, maar die volgende week, maar ek kan dit nie doen nie, toe moes ek

dit op Sondagaand plaas. Maar nou die mense hier by die tabernakel, bly net hier by die tabernakel, sien, want ek gaan na Broer Ruddell s'n toe vir daardie aand, net om te praat, nie vir genesingsdiens nie. En, maar onthou, bly op die pos van plig net hier by die tabernakel. Hierdie is julle plek, sien. En so gaan ons 'n goeie tyd verwag. En bid julle almal dan vir ons soos ons voortgaan.

28 Vertrou dat God ons vanaand sal ontmoet nou net voor die nagmaal. En nou dink ek . . . Is dit al wat ons het, aankondigings, waarvan ons weet? [Broer Neville sê: "Ja."—Red.] Nou, lê die weg . . . ["Begrafnis, môremiddag."] Wat, Broer? ["'n Begrafnis, môremiddag, om twee-uur."] 'n Begrafnis. ["By Edmonton. J.T. se moeder."] O, ja. Die begrafnis van . . . een van ons broer-evangeliste van hierdie tabernakel hier is net . . . Wel, hy's een van ons hier. Hy gaan uit en tree op as pastoor en preek, 'n Broer J.T. Parnell. Sy kosbare moedertjie het nou die aand gesterf, 'n klein, geboë, grys moedertjie. En dit sal by Edmonton, Kentucky wees. Die begrafnisdiens is môre. Ek weet baie van julle het gewonder, kon blomme by haar kry, maar ons kon nie. En die enigste manier wat die kerk 'n krans daar kry, hulle moes dit inbel en die posman dit laat uitneem. En dit sou môre moes uitgaan, of dit daar beland of nie, die blomme, so dit maak dit moeilik. Maar ons wil sekerlik die simpatie betuig, broer, met ons Broer Parnell met die verlies van sy moeder, wat, ek het pas onlangs dieselfde gedoen. En ek is seker dat Suster Spencer en baie ander hier wat simpatie betuig, ook, wat pas onlangs deur die skaduwees en smarte gewandel het.

29 Nou laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig, in Sy Teenwoordigheid, vir gebed. Nou ek wil hê julle moet vir my bid. En dis soort van moeilik hier vanaand, probeer sien, en hierdie lig vervaag. En—en my oog is in orde, maar hulle het 'n bietjie belladonna daarin gesit om dit oop te sper. Julle weet wat dit is. En dit was nou so vir omtrent ses dae, sien, en hy het gesê dit kan nog 'n week of tien dae duur. So bid julle vir my. En dan die weerklank van hierdie mikrofoon teen die mure, bid julle vir my. En kan ek julle hand sien, en God, waar julle 'n versoek het, steek net julle hand op. God, antwoord gebed, waar ons nou gewyd byeenkom en buig.

30 Ons Hemelse Vader, U het gekies dat ons saam sou vergader. Dis die wil van God dat ons saam sal byeenkom waar ons die Dag sien naderkom, en dit gereeld, Here, om ons nader aan U te bring en nader aan mekaar, in 'n band van gemeenskap, deur die vergote Bloed van Jesus wat dit moontlik maak.

31 Ons is so dankbaar vanaand, Here. Ek—ek—ek was nog nooit so dankbaar om—om hier te wees nie, Here. Ek, ek's sommer net so dankbaar teenoor U. Ek kan net nie die woorde vind om uit te druk hoe dankbaar om sig en gehoor te hê, en om tussen die lewendes hier op aarde te wees, die Evangelie voort te sit nie.

Dit maak ons net so vol waardering, Here, wanneer ons sien hoe naby dat slegs . . . Wanneer manne met groot insig net hulle kop krap en sê: "Hoe kan dit ooit wees? Slegs die hand van God!" Dan buig ek my hoof in nederigheid, Here, om te sien watter wonderwerk aan my geskenk was, dat dit verrig is daarrond waar U dienskneg gestaan het. Ek's so dankbaar. En nou, Vader, wy ek my lewe opnuut weer toe in diens aan U, na daarlangs geloop is. Kan nooit in die lewe enigsins nader aan die dood wees as toe nie, en dan lewe nie. So ek is dankbaar.

32 En nou bid ek vir al hierdie mense wat vanaand hulle hande opgesteek het, elkeen van hulle het 'n versoek gehad. En baie van hulle het danksegging, byna almal, Here, in hulle harte, vir wat U vir hulle ook gedoen het.

33 Nou het ons vanaand gekom om bymekaar te kom op 'n baie spesiale geleentheid, dit is, om wat ons "nagmaal" noem, of, die "Here se Avondmaal," te neem. *Gemeenskap* [Eng."commune"—Vert.] is "om te praat met, of gesels met." En dis wat ons nou doen, Here, gesels met ons Here, kommunikeer, praat, wag op Hom vir Sy antwoord.

34 En nou, Vader, bid ons dat U sal terug kommunikeer met ons vanaand deur die geskrewe Woord. En gee ons iets in ons harte, stabiliseer ons—ons—ons reis, Here, en gee ons nuwe moed. En seën ons pastoor, Here, ons kosbare broer, U dienskneg, en sy vrou en familie; en die diakens en trustees, en elke persoon wat na die kerk toe kom. O God, trek ons nader aan U. Mag daar wees, soos die digter gesê het: "Geseënd sy die band wat ons harte in Christelike liefde bind. Ons gemeenskap van verwante gemoedere is soos dié daarbo." Skenk dit, Here. Seën alle aanbidders oor die wêreld. En nou, Vader, breek die Brood van die Lewe vir ons waar ons op U wag. In die Naam van Jesus Christus, U geliefde Kind, vra ons dit. Amen.

35 Nou, baie mense teken graag die woorde aan waar 'n prediker mag lees. En ek het . . . Vanmiddag nadat ek uit was saam met Broer en Suster Wood . . . Ons was soontoe om ons Broer Gobel Robertson te sien, en toe het ons, in sy vertoonkamer. Toe kom ons terug en ek het gedink . . . Suster Wood was my aan die vertel watter wonderlike boodskap wat ons pastoor vanmôre gehad het. En ek het net toevallig gedink aan die arme kêreltjie, kan 'n seer keel hê, en ek het ook, maar ek—ek het gedink ons kan die las saam dra, miskien, as hy my vra om te praat. En ek het 'n paar notas hier gemaak waaroor ek graag wil praat.

36 Eerstens, laat ons blaai na Twee Korinthiërs 6:7 tot 10. Een Korinthiërs, die 6de hoofstuk, 7de vers en die 10de, ingeslote. En dan Génesis 14:18 tot 19. En daaruit haal, as die Here wil, 'n kon- . . . of 'n konteks uit die teks. En nou sal ek lees van Een . . . of van Twee Korinthiërs, die eerste, Twee Korinthiërs 6:7 tot 10.

In die woord van waarheid, in die krag van God, deur die wapens van die geregtigheid in die regter- en linkerhand;

deur eer . . . oneer, deur slegte en goeie gerug, as verleiers en tog waaragtig;

as onbekendes . . . tog goed bekend, as sterwendes en kyk, ons lewe, as getugtig en tog nie gedood nie;

as bedroefdes, maar altyd opgeruimd; as armes, maar wat baie ander ryk maak; as mense wat niks het nie en tog alles besit.

Génesis 14:18 en 19.

En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring . . .

en hom geseën en gesê: Geseënd is Abraham *deur God, die Allerhoogste, die* Besitter *van hemel en aarde.*

37 En as ek dit 'n teks sou noem, wil ek graag praat oor die onderwerp, die . . . *Om Alles Te Besit*. Soos in Korinthiërs hier, ons . . . Daar is gesê dat ons is—is arm, tog besit ons alles. *Om Alles Te Besit*. Nou, ek hou daarvan. Nou, in Génesis lees ons van Abraham wat hierdie groot man genaamd Melgisédek ontmoet, wat die Besitter van beide Hemel en aarde was. Dan was Hy die Besitter van alles, Besitter van Hemel en van aarde, dis, van alles.

38 Nou, ons ken die verhaal van Abraham en wat gebeur het. Hy is geroep na 'n—'n plek van plig. Hy is uit sy land uitgeroep, die land van die Galdeërs, en die stad Ur, waar hy daar was saam met sy vader en sy mense. En dis onder in die Sinar-vallei, waarskynlik 'n ryk vrugbare land. En Abraham, soos ons verstaan, was nie enige spesiale persoon in die oë van die wêreld nie. En met ander woorde, hy was nie 'n koning, of 'n monarg, of 'n heerser nie. Hy was net 'n mens. En hy het met sy halfsuster getrou, wat Sara was, en het waarskynlik met haar getrou toe sy 'n jong vrou was. En God het hom geroep op die ouderdom van vyf-en-sewentig, tot 'n lewe van diens, en dit het ook sy hulpmaat ingesluit.

39 En net hier sou ons kon begin. Ek glo dat wanneer God 'n man tot diens roep, as hy 'n getroude man is en 'n hulpmaat het, roep Hy sy vrou saam met hom, want hulle twee is een. En so, waar ook al, vind ons lateraan dat God waarskynlik vir Sara sou doodgemaak het toe sy die Engel se boodskap betwyfel het, vyf-en-twintig jaar later, toe hulle daardie dag onder die akkerboom gesit het, maar toe sy gelag het toe die Engel vir haar gesê het, of vir Abraham gesê het dat sy 'n moeder gaan wees, en Sara by haarself gelag het en gesê het: "Hoe sou ek kon, oud?" Negentig jaar oud, en haar man honderd jaar oud. Sy . . . haar skoot was vir jare al verdroog, en sy liggaam so goed as dood.

Hoe sou sy dan ooit weer genot met haar man kon hê? En sy het by haarself gelag.

40 En die Engel, met Sy rug gekeer na die tent, het gesê: "Waarom het Sara gelag?"

41 En sy het dit ontken. Nou, dis om God in Sy gesig te sê dat Hy "verkeerd" is. Sien? En dit sou haar lewe gekos het, maar God kon Sara nie vat nie, omdat sy 'n deel van Abraham was. Sien? En sy was in die verbond met hom, so sy moes saam met hom gaan. So Hy kon Abraham nie neem nie . . . of nie vir Sara neem, sonder om deel van Abraham te neem, want hierdie twee is een.

42 'n Pragtige tipe van ons vandag, onwaardig, die dood waardig wanneer ons sondig, maar God kan ons nie doodmaak nie, omdat Hy sou . . . ons is 'n deel van Christus. Sien? Dis ons genade, want ons is 'n eenheid met Christus. Is dit nie 'n pragtige gedagte, eenheid saam met Christus, nie? So gevolglik, ons sondes, wanneer ons hulle begaan, behoort ons hulle gou te bely, dat ons "verkeerd" is, omdat God ons lewe sou neem. Maar die Bloed antwoord in ons plek, en God kan net nie daardie Bloed oorsteek nie. Sien? Hy kan dit net nie doen nie, omdat dit 'n belofte is dat Hy dit nie sal doen nie. So Hy kan nie Sy Eie belofte verbreek nie. Sien? So God het Hom as't ware Self vasgebind. Sien, Hy kan nie Sy belofte breek nie. En Hy het dit deur daardie Bloed belowe, wie ook al geglo het, het Ewige Lewe, en Hy kan nie daardie belofte breek nie.

43 So ons vind dat Abraham, in gehoorsaamheid, sy huis verlaat het, sy land verlaat het, en van alles afgesonder het, sy hele aardse posisie, besittings, om in 'n vreemde land te reis, te vertoef. 'n Tipe van die Kerk. Ons word gevra om alles te versaak wat in die wêreld is, ten einde Christus te volg.

44 Nou, ons vind Abraham volg na, jaar na jaar. En hy het 'n gedeelte saam met hom geneem, wat sy vader was, en hy het kort daarna gesterf. En toe het hy sy kleinneef gevat, wat Lot was, en Lot het hom argumentshalwe afgesonder, en het afgegaan om in Sodom te woon, tog was hy deel van Abraham. En God het die land en alles wat in die land was, aan Abraham gegee, hy het dit alles beërwe. God het gesê: "Kyk oos, wes, noord en suid, en dit alles behoort aan jou en jou nageslag na jou. Alles joune!"

45 Nou, op 'n dag het Abraham dit soort van swaar gehad, en Lot het dit maklik, swem in sonde. Hoe maklik is dit nie en hoe aanloklik lyk sonde nie, en hoe onskuldig skyn dit nie te wees nie. Nou, as Lot dit sê: "Solank ek glo! Ek glo in God, so waarom kan ek nie hier in Sodom ingaan nie, en—en dit sal in orde wees. Ek's 'n gelowige." Maar dit was nie in orde nie.

46 Sien, God, toe Hy Abraham geroep het, het Hy hom geroep om hom van alles af te sonder. En dis wat ons moet doen. God roep ons tot 'n totale afsondering van sonde: "Kom daaronder uit, wees nie deelgenote daarvan nie!" Vermy dit, die

einste voorkoms van die kwaad. Afsondering, volkome uitgewis daarvan! Hou jou afstand daarvan af. Betree nie sy gronde nie, maak nie saak hoe—hoe dit . . . mooi dit lyk nie.

47 Julle mense, julle mag nou hier dink, hier is dit: "Broer Branham, ek—ek is somtyds in die versoeking om te steel, of somtyds is ek in die versoeking om te rook." Of soms dink die vroue: "Ek's in die versoeking om aan te trek soos die mense van die wêreld, julle weet, die immorele klere en dinge. Ek's in die versoeking" die jong dames. Nou, julle dink dis aanloklik, wat van hier waar jy elke skuifie moet dophou, julle sien, in 'n bediening. Watter groter ding is dit nie hier nie, en wat sou hulle nie voor verantwoording moes doen nie. Want, julle moet vir julle eie siele verantwoording doen, maar ons moet verantwoord vir almal met wie ons praat. Sien? So Satan sommer voortdurend . . . Wel, sê julle: "Is daardie nie 'n mooi rokkie nie? Dis heel verkeerd om te dra, maar is dit nie pragtig nie? Dit sal my net mooi pas." Waar dit vir my is . . . Nou, dit, jy weet dis verkeerd. Maar in 'n prediker is dit: "Jy behoort na hierdie byeenkoms hier te gaan, dit is net die ding. Hulle sê dis so groot, die gemeente." En tog moet jy wag en God hoor sê "gaan", sien. "O, sal jy hierheen gaan en hierdie persoon hier sien? Dit is *so-en-so*." En jy moet oppas, versigtig wees. Sien? O, dis so bedrieglik. En nou moet ons vir daardie dinge oppas.

48 Nou, Abraham moes ook oppas. Maar hy het, in plaas van met Lot saam te gaan in Sodom in, hom afgesonder en in die woestyn opgegaan, die weg saam met die Here se veragte paar gevat. Dit behoort ons houding te wees. Neem die weg saam met God se mense, ongeag of dit moeilik of maklik is, gaan in elk geval. Wees gereed om te eniger tyd te gaan, nou, waarheen Hy jou ook al mag roep.

49 Nou, nadat dit voorgeval het, toe het daar—daar 'n koning gekom wat op 'n oorlogspad gegaan het teen 'n klein stam mense daar, en het deur die vallei afgeswiep en al die klein groepies gevat, klein koninkryke uitgevat, en gevat, in Sodom ingekom en die koning van Sodom en Gomorra gevat, het Lot (Abraham se kleinneef) gevat, sy vrou, sy dogters, sy kinders, hulle almal, en al hulle besittings, alles wat hulle gehad het, het daar regdeur gegaan, die land skoongevee soos dit gegaan het. O, watter verskriklike ding, die loon van die sonde is die dood! Lot het besef, ongetwyfeld, daarlangs geloop en miskien met 'n—'n tou of 'n ketting om sy nek, as 'n slaaf; sy kinders, jong dogters verkrag te word; en sy vrou, en alles, en sterf waarskynlik te eniger tyd. Hy het een opdrag ongehoorsaam, en gaan dalk in 'n ander koninkryk in êrens om 'n slaaf te wees vir die res van sy dae.

50 Maar Abraham, toe hy uitgevind het dat Lot gevange geneem was, was dit deel van Abraham se besitting. En Abraham sou dit kon gesê het: "God, U het my gesê dat as ek U sou gehoorsaam en hier wandel, in hierdie land, sou U dit aan my gee. Dit behoort

aan my. En Lot is deel hiervan, en ek gaan agter hom aan." Toe het hy omring, of sy dienaars bymekaar gemaak en hulle bewapen. En hy het sy dienaars gevat, en uitgegaan totdat hy hierdie koning agtervolg en gevind het met al hierdie ander klein koninkryke. Kyk watter groot leër was hulle toe! Maar onder die leiding van God, die Hoofgeneraal, het hy homself afgesonder, en ingeval op hulle en die koning doodgemaak, en vir Lot teruggebring en al die klein koninkryke, het hulle na hulle teruggebring, weer na hulle tuisland.

51 Watter beeld van Christus daar in Abraham, kom nadat die vyand alles in besit geneem het, en Christus kom en het ons weer teruggebring.

52 Nou vind ons in hierdie groot verhaal dat Abraham, op die pad terug, kom terug nadat die oorwinning verby was, het hy die Besitter van Hemele en aarde ontmoet, Melgisédek, wat die Koning van Jerusalem is, Koning van Salem, wat Jerusalem was, wat Koning van Vrede is, wat Koning van Geregtigheid is. Hy het geen vader gehad nie, Hy het geen moeder gehad nie, Hy het nooit begin nie en Hy sal nooit eindig nie, so dit was niks anders as die Almagtige nie. En Hy het hom ontmoet op pad huis toe, van die doodmaak van die koning af. Hy het die Besitter ontmoet, die Een Wat alles besit het, het hom ontmoet op die pad terug. Watter glorieryke ding! Nou Abraham . . .

53 Ek hou hiervan. Abraham was erfgenaam van alles, volgens die belofte, so hy kon aanspraak maak op alles wat in die land was, en die land self. Abraham is die belofte gegee. Nou, ons verstaan dat Abraham die armste man in die hele land was, omdat hy buite in die woestyn gewoon het, en in vrede met God geleef het. En Lot, ryk, het in die stad gewoon en geword van die heerser van die stad; hy het in die poort gesit, hy was 'n regter, en het die stad beoordeel, en het al die rykdom en dinge gehad. Maar Abraham was in die woestyn, en die . . . miskien die armste man in die land, en tog 'n aanspraak om alles te besit. Amen! Dis waarvan ek hou.

54 O, vanaand, mag ons nie ryk wees in die wêreld se goedere nie, maar ons besit alles. Die Kerk, Self, besit alles. Ofskoon arm, tog ryk en besit alles. Ek hou daarvan. Hy . . . Ons—ons is. Die ou liedjie wat ons jare gelede altyd gesing het: "My Vader is ryk met huise en land, Hy hou die rykdom van die wêreld in Sy hand! Robyne en diamante, en silwer en goud, Sy koffers is vol, Hy't rykdom ongekend." En ons is 'n besitter daarvan, omdat ons 'n kind van die Koning is. Amen. Die kind word altyd erfgenaam, weet ons. Goed.

55 Abraham kon die hand daarop lê, ofskoon arm, sy beeste het honger gely; Lot het die beste grond gevat. Sy water was te min. Warm dae, en die herders was in die moeilikheid, en alles

het gelyk of dit verkeerd loop vir Abraham, tog het hy die hele ding besit.

56 En, vandag, word die ware gelowige uitgewerp tussen die mense uit, genoem 'n "fanatikus, holy-roller," of een of ander soort beledigende naam, een of ander soort godsdienstige fanatikus, en is tog erfgenaam van die hele Hemele en aarde. "Geseënd is die sagmoediges, hulle sal die aarde beërwe." O, goeiste! Praat van jou uitstoot in 'n hut of êrens in, en skaars genoeg geld om jou huur te betaal, tog besit jy dit alles. Amen. Moet werk en swoeg en sweet vir 'n paar dollar, om 'n verdienste. . . eerlike lewe te maak, en skoene aan jou kinders se voete te sit, en om hulle klein honger mondjie te voed, en besit tog, erfgenaam van alles wat hier is. "Die sagmoediges sal die aarde beërwe." Hulle besit dit. O, goeiste, ek hou daarvan! Besitter van die aarde! Wat is? Die gelowige. Die gelowige het 'n titelakte, transportkaart, dis reg, deur Jesus Christus, dat: "Hy die besitter sal wees van hierdie totale kosmos." Dis reg. "Die sagmoediges sal die aarde beërwe."

57 Abraham het—het, kon daardie land besit, omdat. . . en wat daarop was. God gee dit vir hom. En Lot was 'n deel van daardie land. So Abraham het 'n reg daartoe gehad. Hy kon—hy kon beroep of beslag lê daarop. Hy het gesê: "Nou, God, U het my die belofte gemaak, dat wat in hierdie land was en alles daarin, myne was, en U het die belofte gemaak. Nou is familie van my gevange geneem, en alles wat hy het, is weg."

58 Met ander woorde, as ek dit vandag sou toepas, sou ek sê, kon die Kerk sê: "Here God, hier's my broer, hy lê hier, getref deur kanker, hy's getref deur tuberkulose, hy het *so-en-so*. Ek lê beslag op die belofte, dis my besitting. U, U het vir my so gesê!" Amen! Daar het julle dit. Dan, dan kan jy onder daardie vyand aangaan, daardie duiwel, en dit doodmaak net soos wat Abraham die konings doodgemaak het en sy besitting teruggebring het. Amen. Ek hou daarvan. Dis vir die gelowige.

59 Ofskoon Abraham 'n reg tot die belofte gehad het, en die belofte syne was, tog moes hy veg om dit te besit. Amen. Daar het julle dit. Die gelowige vandag, ofskoon ons erfgenaam van alles is, ofskoon ons erfgenaam is van elke geestelike seëning, elke fisiese seëning, elke seëning wat die Bybel belowe, tog moet jy veg elke duim daarvan. Dis die manier waarop God dit opgestel het. Dit was altyd so. Jy moet veg om te besit wat jy weet jou eie is. Jy moet veg om dit te besit. En dis wat ons nou moet doen.

60 Jy sê: "Broer Branham, ek het genesing nodig."

61 Die belofte is joune. Maar, as jy dit ooit kry, gaan jy dit nie maklik kry nie, dit gaan ek vir jou sê. Jy gaan dit van Satan af moet wegneem. Neem Satan jou gesondheid gevange, het jy 'n reg om na—na Satan te gaan, te sê: "Gee dit terug! Oorhandig dit! Ek kom in die Naam van die Here, die Besitter van Hemele

en aarde, en ek's Sy erfgenaam. Gee dit terug! Jy het my kind gevat, jy het haar deurmekaar met die verkeerde kêrel. Jy het my seun gevat en deurmekaar met die verkeerde meisie. Ek eis hulle! Dis reg. Ek eis my kinders, ek eis my broer, ek eis my suster. Ja, Satan, jy het hulle gevat uit God se huis, hulle uitgelok daaruit, maar ek kom agter hulle aan. Ek eis hulle."

"Wel, hoe weet jy?"

62 "Ek's 'n erfgenaam van alles. Amen. Dis aan my gegee. Ek is 'n erfgenaam, ek kan alles eis wat God my belowe het." Amen. Daar het julle dit. "Dis myne." Hoe kry jy dit, iets wat jy gedoen het? Nee, meneer. Dis die onverdiende gawe wat God ons gee, en dis ons s'n, dit behoort aan ons. Satan kan dit nie hou nie, as jy na hom gaan in die—die Skriftuurlike outoritatiewe Woord, met geloof, om te sê: "Dis myne! Sit dit neer." Amen. Glorie! Ek hou daarvan. "Satan, sit jy dit neer. Jy het dit van my gevat. Gee jy dit terug, want ek gee jou kennis. Ek het die kennis reg hier geskrywe in die Woord: 'Hemele en aarde sal verbygaan, maar hierdie kennisgewing sal nie.' So ek kom met hierdie kennisgewing, om op jou te bedien, dat Jesus Christus gesê het wat ook al ek die Vader in Sy Naam vra, Hy dit vir my sal gee. As ek vir hierdie berg sê: 'word verskuif' en nie in my hart twyfel nie, maar glo dat wat ek gesê het, vervul sal word, kan ek hê wat ek gesê het. Sit dit neer!" Dit kry hom aan die gang. Kry hom nie aan die gang nie, kry hom aan die hardloop. "Sit dit neer, want ek het gekom met die Skriftuurlike outoriteit. Ek is 'n gelowige." Snap julle dit? Ja, meneer. Ja, meneer.

63 Wat moes hy eers doen, Abraham, ten einde dit te doen? Hy moes sy geloof lê op die soliede rots-fondasie van God se beloofde Woord. Kyk, al ding wat hy gehad het, was 'n klompie dienaars, waarskynlik 'n dosyn. En daar was waarskynlik paar duisend man, gewapen. En sy manne was nie soldate nie, hulle was diensknegte, beeswagters, skaapwagters, herders; waarskynlik ou geroeste messe wat hulle êrens opgetel het, en gelê het bo in die. . . daar, en verskeie reëns het op hulle geval, hulle was geroes. Maar Abraham het nie gekyk na die geroeste mes, of die glad geen skild nie. Hy het sy geloof gevestig op God se Woord. Daar het julle dit. Dis wat dit doen. Dis wat.

"Hoe gaan jy hulle beveg wanneer jy daar kom?"

64 "Dit hang nie van my af nie. Dit hang van my af om my geloof te vestig op wat God gesê het. Dis myne, ek gaan agter wat myne is, aan." Amen. Nou, wanneer mense wat siek is, dit kan sien, is die siekte net omtrent net daar oor. Sien? Sekerlik.

65 Wanneer 'n sondaar kan insien dat jy nie hoef te sondig nie! Klomp mense, hulle sondig omdat hulle moet sondig. Watter bejammerenswaardige toestand wanneer jy sê jy "moet sondig". Maar wanneer jy besef jy hoef nie meer te sondig nie! Daar's mense wat sommer opstaan en vloek en lag in jou gesig, en—en

jou 'n "idioot" noem en wat nog, hulle is bewustelike sondaars. Sien, dan is daar geen hoop vir hulle nie. Maar daardie man wat iets voortdurend doen, hulle wil dit nie doen nie. Hy—hy steel, hy wil nie. En hy lieg, hy wil nie. Hy—hy doen dinge wat hy—hy nie wil doen nie, hy wil nie 'n sondaar wees nie. Daar's hoop vir hom as jy hom kan laat sien wat die Waarheid is. Sien? Kom na God se belofte toe en vestig jou geloof daarop, en stap daar na die vyand toe. Hy kan dit eenvoudig net nie langer behou nie, dis al, omdat dit joune is.

66 Nou, laat ons nou na hierdie kêrel kyk. Hier het Abraham gesê: "Ek's erfgenaam. Dit behoort aan my, alles in hierdie land behoort aan my. Omdat God . . . Ek het dit nog nie." Maar hy het dit gehad, dit was syne, in elk geval.

67 Nou is ons erfgename van alles. Is dit reg? Ons is erfgename van alles. Die Bybel pas deurgegaan, het hier so gesê. Ons is erfgename van alle dinge, alles. Ons besit dit nog nie, maar dis ons s'n. Amen. O, glorie! Ek besit nie 'n duim grond nie, maar dis alles myne, in elk geval. Sekerlik. Dis alles ons s'n, behoort aan die mense, die Kerk, die gelowiges, die Bruid van Christus besit elke kriesel daarvan. Rusland veg daarvoor, Verenigde State veg vir *dat*, en hierdie veg vir *dit*, en *hierdie* daar, dan noem hulle ons "gek." Sit maar stil, julle besit dit, in elk geval. Amen. Alles, gaan dit beërwe, in elk geval, so laat hulle twis en mekaar opblaas. Dit behoort aan ons. Ons is diegene wat dit kry. Hulle sou dit nooit dink nie, maar ons kry dit, in elk geval. Kry, in elk geval!

68 Wie sou gedink het daardie ou arm mannetjie daar, daardie ou maer, benerige besies daar bo-op die bult, besit dit alles? Die hele Palestina het aan hom behoort. Ja, meneer. So toe hy by 'n plek kom waar die beslissende slag kom, het God bewys met hom te wees. Hy het daardie handjievol manne gevat en daarheen gegaan en elkeen van hulle doodgeslaan, en het sy besitting teruggebring. Amen. Ek hou daarvan. Waarom? Hy het sy geloof gevestig op God se Rots-belofte. Dis wat dit geverg het. Hy het nie 'n ander fondament gebou, by 'n organisasie aangesluit of so-iets gekry nie. Hy het sy geloof gevestig op daardie Belofte! Amen. Dit is dit, op daardie Belofte, en daar het hy vorentoe marsjeer! Geroeste swaard of nie geroeste swaard nie, het vir hom geen verskil gemaak nie, het hy sy geloof gevestig gehad op die Belofte.

69 En wanneer julle na vore kom om voor gebid te word, as julle verlossing wil hê, as julle Goddelike genesing wil hê, maak nie saak wat dit is nie, as jy 'n gelowige is, is jy 'n erfgenaam van elke belofte. So vestig julle geloof op die belofte en marsjeer vorentoe, en sê vir Satan: "Gee dit terug! Gee dit terug! Dis myne." Moenie dat hy julle bluf nie. Staan net daar op die lyn, hy sal dit teruggee. God het gesê hy sal, so hy moet dit doen. Dis jou outoriteit. Dis reg, erfgenaam van alles!

70 Hy het gebly by daardie fondament, beloofde Woord, en hy het 'n erfgenaam gehad. Hy was die erfgenaam, so hy het dit geweet. Goed, meneer, nadat die belofte aan hom bevestig is, het hy toe gemeenskap gehad met die Belower (ek hou daarvan) nadat God die belofte gemaak het. En dan, sien, Abraham het nooit tevore 'n toets gehad nie, so hy . . . van daardie aard nie. So hy het geweet dit alles behoort aan hom, en dit was die belofte, tog het hy nooit 'n leër moes beveg nie. Hy het niks daarvan af geweet nie. Hy—hy was nie 'n opgeleide man om te veg nie. Abraham was nie 'n vegter nie, hy was 'n boer. En Abraham kon nie enigiets doen nie, omdat hy—hy nie 'n soldaat was nie. Sy manne was nie soldate nie, hulle was boere. So die enigste ding wat hy kon doen, was neem net God se belofte, plaas sy geloof op die belofte en beweeg uit, sit dit agterna. Dan wanneer Abraham dit gesien het, en daardie belofte gekry het, en uitgevind het dat God dit vir hom bevestig het, dat Hy wel Sy belofte hou . . . Amen! Daar is dit.

71 As jy tot nog toe nie die Heilige Gees ontvang het nie, niks weet Daarvan af nie, en iets in jou hart jou sê jy wil Dit hê, bly jy net daar. Dis Ewige Lewe, dis waarvan jy erfgenaam is. Bly net daar, en kyk Satan reg in die gesig en sê: "Jy is die dief, jy is die een! Ek het gekom om te besit waarvoor Jesus Christus gesterf het vir my om te hê, nou oorhandig dit! Kom uit my pad uit!"

72 Dan, voor jy jou kom kry, sal die Heilige Gees op jou stort. Dan gebeur iets. Iets sal gebeur. Wat is dit? God het bevestig Hy hou Sy Woord. Dis net presies. Dan, sien, dan nadat jy sien die Woord word bevestig voor jou, dat jy gered is, jy het wel die Heilige Gees, wat dan? Abraham het die oorwinning al behaal, hier kom hy terug gemarsjeer; hy het gegaan, met sy geloof gevestig op die Woord dat hy dit kon teugbring, wat hy verloor het, en hier kom hy daarmee terug, marsjeer die oorwinnaarsmars. Dis dieselfde ding wat jy kan doen. As jy nie Ewige Lewe het nie, vra God. Bely jou sondes, glo in die Seun van God, aanvaar die doop van die Heilige Gees en sê: "God, ek kom Daarvoor, ek's hier om Dit te ontvang." Dan kom jy terug, die oorwinnaarsmars. Jy het Dit. Amen. Blink sommer, my goeiste, die voëls sing anders, en almal . . . Jy het almal dan lief. Daardie ou haat, kwade gevoelens, onvrede is klaar weg. Lief vir almal! O, jy beleef sommer 'n wonderlike tyd, sing, roep uit, prys God. Gee nie om wat enigeen oor jou sê nie. Dis in orde. Sekerlik, op die oorwinnaarsmars!

73 Dan kom Wie uit om hom te ontmoet? Wie kom uit om hom te ontmoet? Melgisédek. Melgisédek kom uit om hom te ontmoet nadat hy sy Woord bevestig gehad het. Melgisédek is die Een wat hom die Woord gee. Toe plaas hy sy Woord . . . sy geloof op die Woord, het die oorwinning behaal en het teruggekeer, toe het hy gemeenskap gehad. Amen. Nou, jy sal, ook. O, Sy Woord sal iets

nuuts word vir jou, wanneer jy ook al die doop van die Heilige Gees kry. O, goeiste!

74 O, jy sê: "Ek kan nie daardie dinge sien nie. Ek glo nie in uitroep nie. Ek glo nie in die spreek in tale nie. Ek glo nie in Goddelike genesing nie." Dit wys net jy het nooit die oorwinning behaal nie. Dis reg. Maar eenkeer as jy die oorwinning behaal, dan het jy dit. Dan het jy dit. Ja, meneer, dan kan jy uitroep. Ek . . .

75 Julle gesien eenkeer, het ek altyd gedink oor dans in die Gees, sien iemand staan en dans in die Gees. Nou, ek het die bespotting daarvan aangesit gesien, maar ek het die ware ding ook gesien. So, ek het uitgevind, waarom sou mense in die Gees dans? Wel, ek het nog nooit een uit die pad uit sien raak nie, ek het nog nooit een immoreel sien optree nie. Ek—ek sien dit altyd net as ordentlik en in orde en goedheid, en selfs sondaars hardloop na die altaar en raak gered wanneer dit aan die gang is. Wel, ek het gewonder waarom dit was, en ek het uitgevind dis oorwinning.

76 Dawid het voor die Here gedans, toe die ark teruggebring is na Sy rusplek. Amen. Toe Dawid gesien het die Woord, soos Dit toe was met die kliptafels, teruggebring na Sy regte plek, was Dawid verheugd en het in die Gees gedans, om en om en om. Waarom? Hy het die Woord terug op Sy plek gesien. Amen.

77 Wat die Woord nodig het, is nie uit een of ander kweekskool, een of ander teologiese deurmekaarspul nie; maar 'n outydse God-gestuurde prediker agter die preekstoel, met die Woord, God Dit sien bevestig, bewys.

78 Toe het Dawid gesê: "Glorie aan God, hierdie is Dit!" En in die rondte en om en om en om. Sy klein neus-in-die-lug vroutjie het daarbo gesit, synde die koning se dogter, het gesê: "Wel, hy—hy—hy maak my skaam vir hom."

79 En Dawid het gesê: "Jy hou nie daarvan nie? Kyk hierna!" en weer het hy om en om gegaan. Ja! O, goeiste, watter tyd het hy nie beleef nie!

80 Weet julle, God het uit die Hemel neergekyk, gesê: "Dawid, jy's 'n man na My Eie hart." Sien? Sien? Waarom? Hy het klaar al alle hoogmoed verloor, hy het klaar al al syne verloor. Tog was hy getroud met 'n koning se dogter, maar dit is toe nie eens in ag geneem nie. Hy het geweet hy was bekend met die Besitter van Hemele en aarde, en hier het die Woord van God weer reg tussen hulle ingekom, en Dawid was só gelukkig, hy het gedans. Hy het net gedans so al wat hy kan.

81 Miriam, sy het die tamboeryn gegryp en teen die wal afgegaan, en aan die oorkant gedans. Nadat sy deur die Skelfsee gekom het en haar vyande sien verdrink het, toe kon sy in die Gees dans. Toe sy die vyande wat haar geteister het, dood gesien het, toe het sy in die Gees gedans. Dis reg. Nou, sien, daarna! Nadat die geveg gewen is, dan kom die heerlikheid van God af.

82 Nou, ons vind uit dat Hy hom ontmoet het. En nadat die belofte bevestig is, het hy—hy gemeenskap ondervind. Melgisédek kom uit om Abraham te seën, en Hy het gesê: "Geseënd sy Abraham, en geseënd sy die God van Abraham, die Besitter van Hemele en aarde."

83 O, goeiste, hoe hou ek nie daarvan, gelowige se belofte nie! Julle sê: "Wat het dit met ons te doen?" Aan elke gelowige! Die gelowige se belofte is Ewige Lewe. Die gelowige se belofte is Lewe, vreugde, vrede, lankmoedigheid, sagmoedigheid, geduld, vrugte van die Gees, Goddelike genesing, 'n dosyn dinge wat ek hier neergeskryf het, byna, wat ons besitting is. Dit behoort aan julle, maar julle kan dit nie kry voor julle daarvoor veg nie. Dis julle s'n. Alles wat gesien word, elke tydelike ding wat gesien word, behoort aan my. God gee dit vir my, omdat Hy dit deur Christus aan my gegee het. En onsigbare dinge behoort aan my. Amen. Ek hou daarvan! Wat jy kan sien, soos Goddelike genesing, ensovoorts, soos dit, dis goed, ons waardeer dit; maar die onsigbare!

84 Nou, wetenskap kan hierrond delf en sê: "Wel, laat ons sien, laat ek hierdie man neem. Julle het gesê hy is genees, laat ek hom daar vat en hom ondersoek. Laat ek sien wat gebeur het. En jy sê jy het eenkeer 'n gewas gehad, meneer?"

"Ja, net *daar*."

85 "Wel, laat ek 'n wetenskaplike ondersoek gee en kyk of dit nie net ingesak het nie en nie weggegaan het nie. Jy sê jy was eens blind en nou sien jy. Hoe weet ek? Laat my wetenskaplik kyk en dit sien."

86 Nou, hulle sou kon ronddelf daarop, maar tog is ek—ek erfgenaam daarvan, ook, alles fisies. En dan is ek ook erfgenaam van dinge wat nie gesien kan word nie, waar wetenskap nie kan delf nie. Amen. Amen. Onsienlike dinge, amen. Ek's erfgenaam daarvan. Ja, meneer. Die dinge wat gesien kan word, ek's erfgenaam daarvan. Hierdie werklike aarde, ek's 'n erfgenaam, jy's 'n erfgenaam. Elke gelowige is 'n erfgenaam, hy's 'n erfgenaam daarvan. Goed, dan die onsienlike! Besitter van wat? Hemele én aarde. Amen. Alles! Glo julle dit?

87 Julle sê: "Broer Branham, wat van daarbuite waar jy nie kan sien nie? Hoe weet jy?" Dis steeds myne. Dis reg. Hemel behoort aan my. Bly dis myne, God het so gesê. En dis reg. "Wel, jy't nooit gesien nie, hoe weet jy dis daar?" Ek weet dis daar, in elk geval, God het so gesê. "Hoe weet jy jy's 'n erfgenaam daarvan, wanneer jy dit nooit gesien het nie?" Ek glo Sy Woord. Amen. Sien? Ek's 'n erfgenaam, jy's 'n erfgenaam saam met my, ons is almal tesame erfgename deur Christus Jesus.

88 Het julle opgelet hier in die Korinthiërs hier, in Twee Korinthiërs, het Paulus gesê, selfs van die dood, ons besit die dood. Dink daaraan. Besit die dood? Ja, meneer, dit luister

na ons. Amen. Wel, glorie! Ek het nou klaar vergeet van daardie ontploffing van die geweer, sien. Waarom het hy my nie doodgemaak nie? Omdat hy nie kon nie. Dis waarom. God was nie gereed nie. Hy sou kon kom soveel as wat hy wil, maar hy kan jou nie vat nie. Amen. Glorie! Ek het my rekening daarvoor lank gelede betaal toe ek in Jesus Christus geglo het Wat vir ewig lewend is. Nou luister die dood na wat ons sê. Amen.

Julle sê: "'n Besitter van die dood?"

89 Dis wat Paulus gesê het hier in Korinthiërs. Dood, selfs, ons besit dit. Wel, toe hulle klaargemaak het om sy kop af te kap, het hy gesê: "O, dood, waar is jou angel? Waar is jou angel? Wys my waar jy my kan bang maak."

90 Dood het gesê: "Ek sal jou neerdruk en jou daar in die graf plaas en jy sal verrot en wegvreet."

91 Hy het gesê: "Maar, o, dank sy God," [Leë kol op band—Red.] "Wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus." Ja, meneer. Dood, hel, en die graf, ek besit dit alles, omdat Hy dit alles vir ons oorwin het. Besitter!

92 Net soos Josua en Kaleb die bewys teruggebring het van 'n ongesiene land wat aan die mense gegee was deur 'n belofte. Josua en Kaleb het 'n bewys teruggebring dat daar so 'n land was. Nou, hier het hulle die belofte daarvan gehad. God het hulle die belofte gegee, en hulle het tot reg by die land gekom, maar hulle het dit nog nooit gesien nie, en Josua en Kaleb het oorgegaan in die beloofde land in en het die bewys teruggebring dat die land daar was en dit was 'n goeie plek, vloeïend met melk en heuning. Amen! Wat was dit? Hulle sou daardie land gaan besit. Hulle het die belofte gehad. Hulle was op hulle pad daarheen, en hulle was amper by die Jordaan, en Josua het oorgesteek en die bewys teruggebring dat dit 'n goeie land was.

93 Net wat Josua gedoen het vir die kinders van Israel, (*Josua* beteken "Redder," die woord Josua), en dis dieselfde ding wat Jesus vir die Kerk gedoen het, toe hulle Hom doodgemaak het. Hy het die dood oorwin. Hy het die hel oorwin. Hy het die graf oorwin. En Hy het weer opgestaan met die bewys, die doop van die Heilige Gees, dat daar 'n Land oorkant die rivier is, wat hulle die soete ewigheid noem. Amen. Hy het teruggekom en vir ons die bewys gebring. Wat doen Dit, Broer Branham? Dit laat jou ophou lieg, steel, drink, vloek, onsedelikheid, alles. Dit maak 'n nuwe skepsel uit jou. Ek wat eenmaal dood was in sonde en oortredinge, nogtans lewe ek, nie ek nie, maar Christus lewe in my. Ek's 'n nuwe skepsel in Christus Jesus, amen, erfgenaam tot die belofte. Halleluja! Ja, meneer. Daardie land behoort aan ons. Hoe weet julle dit? Josua het uit die dood opgestaan, het die bewys teruggebring, die Heilge Gees. Ek het Dit. Amen. Sjoe! Glorie! Ek's 'n erfgenaam. O, 'n kind van die Koning, 'n kind van die Koning, erfgenaam van alles! Die Bybel het so gesê. Dieselfde

God—dieselfde God wat Israel 'n belofte van daardie beloofde land gee (dit was 'n onsigbare ding vir hulle), daardie selfde Bybel, daardie selfde God het ons 'n belofte gegee van Ewige Lewe, en die Heilige Gees getuig daarvan. Christus is lewend, nie dood nie. Hy leef reg tussen ons, leef in ons, deur ons, werk rondom ons. Amen.

94 Dit was Hy wat op daardie bank gesit het daar nou die dag toe Satan 'n kans gesien het om my dood te maak, maar hy kon dit nie doen nie. Amen. En hy sal dit nooit doen voordat Christus sê dis gereed nie. Amen. Maak nie saak hoeveel keer hy kom nie, hy sal leë-hand teruggaan totdat Christus 'n opdrag gee. Amen. 'n Belofte, God het dit belowe. Dis God se Woord wat dit belowe en ons glo dit omdat ons erfgenaam is.

95 Ek's 'n erfgenaam van Goddelike genesing. Ek's 'n erfgenaam van vreugde, het 'n reg om gelukkig te wees. "So wat maak jou so bly?" Ek het 'n reg om te wees. "Hoe weet jy?" Omdat ek 'n erfgenaam daarvan is. Amen! Sjoe! Nou voel ek godsdienstig. Ja. Ek's 'n erfgenaam van die blydskap. Ek's 'n erfgenaam van vreugde. Ek's 'n erfgenaam van vrede. Ek's 'n erfgenaam van Ewige Lewe. Ek's 'n erfgenaam van die Heilige Gees. Amen. Ek's 'n erfgenaam van elke bewys wat Dit het. Amen. Ek's 'n erfgenaam van die outoriteit van God. Amen. "Wie het jou dit gemaak?" Nie ek nie; Hy het. Elkeen van julle is 'n erfgenaam van dieselfde ding.

96 'n Erfgenaam tot 'n troon! "Hy wat oorwin, sal saam met My sit in My Troon, soos Ek oorwin het en op My Vader se Troon sit." Amen, 'n erfgenaam van alles! Nie net een ding nie; alles! Alles is onder julle voete. Selfs die dood is onder julle voete, die graf is onder julle voete, hel is onder julle voete, sonde is onder julle voete, alles is onder julle voete. Jy's 'n erfgenaam! En jy's. . .Jy is dood, en jou lewe is verborge in God deur Jesus Christus, en jy't weer opgestaan tot Ewige Lewe, en sit in Hemelse plekke in Christus Jesus. O, goeiste! Sjoe! Noem ons enigiets wat jy wil, noem ons wat julle wil sê, sê ons is gek as julle wil, maar ons is erfgename. Erfgename waarvan? Alles.

97 "Is jy 'n erfgenaam van die Branham Tabernakel?" Nee, ek's 'n erfgenaam van alles. Beide sienlik, teenswoordig, toekomstig, van alles, is ek erfgenaam daarvan.

98 En elke sonde en boosheid is onder my voete geplaas, deur die genade van Jesus Christus. Hy het opgestaan op Paasoggend, het getriomfeer oor die dood, die hel en die graf en het my 'n erfgenaam gemaak, en gesê: "Wag oorkant en Ek sal jou die belofte gee." En Sy gesalfde outoritatiewe dienskneg het gesê: "Die belofte is vir julle en vir julle kinders, vir dié wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Ek's 'n erfgenaam. Amen. Amen, Jesus het dit vir ons bewys, op Sy opstanding. O, goeiste.

99 Toe ons daardie slagvelde tussen dood en Lewe binnegegaan het! "Ek's 'n sondaar, Broer Branham." Jy hoef nie te wees nie. Jy's 'n sondaar omdat jy begeer om te wees. Jy hoef nie te wees nie. Die skuld is alreeds betaal.

100 "Broer Branham, ek wens ek het vreugde gehad." Jy kan dit hê. Jy laat Satan net toe om jou te beroof van die voorregte waarvoor Christus gesterf het. Ek's 'n erfgenaam daarvan. Dis alles myne. Alles waarvoor Hy gesterf het, behoort aan my, behoort aan jou. Ons is Sy kinders, ons is erfgename daarvan, alles waarvoor Hy gesterf het.

101 Nou, wanneer julle daardie slagveld binnegaan. "Ag, daar is nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees nie. Jy weet, jy—jy—jy gaan snaaks optree. En daar gaan iets wees, gaan iets wees wat anders is." Ek gee nie om hoe anders dit is nie, ek's 'n erfgenaam daarvan. Dis Lewe, en ek jaag Dit na. Dis reg.

102 Dis wat die motief van elke sondaar behoort te wees. "Ek kom om Dit te ontvang op die basis van die Heilige Gees wat nou hier is en my sê om te kom en Dit te ontvang. Dis myne. Ek sal nooit opstaan voor ek Dit ontvang nie. Ek sal nie 'n fanatikus wees nie. Ek gaan net hier bly, ek gee nie om wat ook al aangaan nie. Ek sal nooit ophou bid totdat U my die Heilige Gees gee nie, Here, en ek weet U sal dit sommer nou doen. As daar enigiets in my lewe verkeerd is, sê my daarvan en ek sal dit doen. Wat is dit, Here, ek sal dit gaan regmaak."

103 As God nie enigiets openbaar nie, sê: "Dan, Satan, kom ek Daarvoor. Jy kan nie langer daar staan nie, kom uit my pad uit!"

104 Daar het julle dit, erfgenaam van alles. Erfgenaam van Ewige Lewe. Erfgenaam van Goddelike genesing. O!

Erfgenaam van redding, gekoop deur God,
Uit Sy Gees gebore, gewas in Sy Bloed.

Dit is my roemtaal, dit is my lied,
Lof wat ek Jesus Ewig sal bied.

Volkome berusting, is nou my deug,
Want in my Redder, vind ek steeds vreug;
Blye verwagting, gerig op daarbo,
Vervul met Sy goedheid, waarin ek glo.

Halleluja! Daar het julle dit. Dit is my storie, en dit is my lied. Ek's 'n erfgenaam van verlossing. Wat is verlossing? Iets wat vir jou gegee word. Dis 'n gawe. Ek's erfgenaam van verlossing. Watter soort? Vir Ewige Lewe. Verlossing vir my siel, verlossing vir my liggaam, verlossing van my uitputting, verlossing van alles. God het my erfgenaam gemaak van alles deur Christus, en Hy het gesterf, het opgestaan, en het teruggekeer en die bewys gebring, en het Dit uitgestort op ons. O, goeiste! Glorie! O, goeiste!

105 Nou, julle gaan daarheen, wat doen julle? Wanneer julle gaan net soos Abraham het, gaan daarheen met daardie belofte. "God, U het my gesê dis myne. Ek het geloof in U belofte. Ek bring U Woord. U het dit belowe. U het gesê: 'Vra, en julle sal ontvang. Soek, julle sal vind. Vra, dit sal gegee word. Klop, dit sal oopgemaak word.' Hier is ek, Here. Ek's hier. Ek klop, soek, vra. Ek moet Dit ontvang." Daar het julle dit. Iets vind dan plaas, o, wanneer jy daardie Woord neerlê.

106 Kyk wat Satan gedoen het toe Jesus die Woord op hom laat neerkom het. "En Daar staan ook geskrywe. . . " Hy het weggespring van daardie Draad af, soos ek nou die aand gesê het. Ja, meneer. Wat dan, nadat jy oorwin het? Hoe oorwin jy wel? Sou jy dit ooit op jou eie kon doen? Nee. Iemand het voor jou uitgegaan en vir jou oorwin. Dis Christus. Ek's net 'n erfgenaam daarvan. Ek hoef niks te doen nie. Ek's 'n erfgenaam van die belofte. Die enigste ding wat ek moet hê, is my geloof plaas op Sy belofte. Sien julle dit?

107 "Broer Branham, is jy dit waardig." Nee. "Dink jy ek is waardig?" Nee. "Dink jy die Biskop is waardig?" Nee. "Is daar ooit 'n mens waardig?" Nee. "Wel, hoekom?" Jy's 'n erfgenaam.

108 As jy die grootste dronklap was in die wêreld, en jou pa laat vir jou 'n miljoen dollar na, of jy dit nou waardig is of nie, sy—sy—sy erfgenaam, jy's die erfgenaam van jou pa se erflating. Wat hy ook al vir jou nagelaat het, dis joune of jy nou waardig is of nie. Hy het dit vir jou nagelaat. Amen.

109 Ek was 'n sondaar, maar ek's 'n erfgenaam. Ek was nie goed nie, nog nie, maar ek's steeds 'n erfgenaam. Ek behoort te sterf en hel toe gaan, maar ek's 'n erfgenaam. Ek's 'n erfgenaam waarvan? Ewige Lewe. "Hoe weet jy jy gaan Dit kry?" Ek het Dit gevoel. Die Heilige Gees het Dit gebring. Jesus het uit die dood opgestaan sodat Dit kon kom. En nou het Dit gekom, en Dit getuig en bevestig net presies wat Dit gesê het Dit sou doen. Ek het van die dood tot die Lewe oorgegaan. Ek het geword, 'n nuwe skepsel in Christus Jesus. Dan is ek erfgenaam. Ja, meneer. Nou is ek op my mars. Amen. Dinge word doodgemaak. Wat is al daardie gemene goed wat ek gedoen het? Net soos Miriam gemaak het. Kyk daaragter, daar is hulle, dood, begrawe in die see van vergetelheid, in die Boek van God se groot Boek in die Hemel. Dis klaar gewees. My naam is klaar geplaas op daardie boek, en klaar verseël, en geplaas daar in die see van vergetelheid, en 'n nuwe Boek, met 'n nuwe naam neergeskryf in Heerlikheid. En dis myne. Ja. Nou dan is ons erfgenaam van alles.

110 Dan soos toe Abraham, wat het God vir hom gesê? "Hierdie land behoort aan jou. Wat daarin is, is joune. Kyk oos, noord, wes, en suid, dis alles joune, alles hier. Ek wil hê jy moet kom reis in 'n vreemde land, en Ek gaan jou erfgenaam maak van daardie

land. Ek sal jou dit gee, vir jou en jou saad, vir na jou vir ewig." Nou, Abraham, al ding wat hy moes doen, was sy geloof vestig op daardie belofte, sy swaard optel, en vertrek. Toe die kritieke oomblik kom, het hy daar aangekom en het God sy stryd gevoer. En toe hy die stryd geveg het, het hy die konings verslaan.

111 En hier was hy aan die terugkom, amen, alles nou oor. Broer, hy kon uitroep. Hoor al die jongmanne uitroep en die Here prys! Hier kom Abraham, en Wie kom uit om hom te ontmoet? Melgisédek, Koning van Salem. En kyk wat hulle gedoen het. Nadat die geveg verby was, kon hulle gaan sit en die brood en wyn gebruik. Die Koning het brood en wyn uitgebring. Waarom het Hy hom gedoen? Nadat die stryd oor was, nadat die oorwinning behaal was, toe kon hulle gaan sit en die nagmaal saam geniet, met mekaar praat, en die nagmaal saam eet. O, dis wat God wil hê Sy kinders moet vanaand doen.

112 "Dan, wat van jou, Broer Branham? Wat van daardie Kerk met wie jy praat?" Ons is die saad van Abraham, hulle is die Koninklike Saad van Abraham. Ons is die saad van Abraham, deur die belofte, deur Christus Jesus word ons Abraham se saad en is erfgename saam met hom volgens die belofte. As Abraham dan 'n erfgenaam was, is ek 'n erfgenaam. Ek's 'n erfgenaam saam met Abraham, en so is julle. En hoe het dit gekom? Deur die Koninklike Saad van Abraham, wat Christus Jesus was, die beloofde Een, deur geloof. Abraham het 'n seun ontvang, as een uit die dood. En ons het 'n Seun ontvang wat selfs nie 'n seun was nie, en geen manier om hierheen te kom nie, en God het Hom gemaak en Hom na ons gestuur. En Hy het gekom en die straf van ons sondes betaal, en deur Sy dood word ek 'n erfgenaam. O, goeiste. Daar het julle dit. En al die boosheid van die duiwel is agterweë. Lof sy aan God!

113 Oorwin! Hoeveel het vanaand oorwin? Laat ons jou hand sien: "Deur die genade van God het ek oorwin." Lof sy aan God. Weet julle wat ek dink ons behoort sommer nou te doen? Ek begin net reg hier en hou julle helfte van die nag. Laat ons sommer 'n goeie toewydingsdiens hê, ons lewens opnuut aan God toewy. Hoeveel het lus om dit te doen? O, ek het nou meer as een, ek het beide hande op, en my hart ook. Ek wil hê my lewe moet vir Christus spreek. Ek wil myself opnuut aan Christus toewy. Ek wil hê Sy wil moet geskied, myne om op die agtergrond gesit te word, en—en Sy wil om te geskied. Ek wil die oorwinnaar se mars hê. Nie omdat dit ek is nie; omdat ek weet dat die Evangelie wat Hy verkondig het, vandag ly vanweë denominasionele mensgemaakte dogmas en wat nog. Die groot oorwinning wat ons behoort te hê, is teruggehou deur die vyand. God, laat my hierdie Swaard uittrek, Dit laat glinster en skyn, en voorwaarts marsjeer. Laat my wil op die agtergrond wees, en Sy Woord so vooraan gaan, 'n skerp tweesnydende Swaard wat 'n weg baan.

114 Laat ons nou op ons voete staan en onsself opnuut toewy. Elkeen op jou eie manier, wy jouself toe aan die Here. Laat ons nou ons hande opsteek na God, elkeen.

115 Ons Hemelse Vader, vanaand wy ons onsself toe aan U na die beste van ons wete. Ons weet dat ons erfgenaam is van alles. U het dit belowe, Here Jesus, en ons glo dit. Nou, ons sal nooit in staat wees om dit te doen nie, tensy U, Here . . . tensy ons self ons geloof vestig op U belofte. Nou, U het gesê, in die Bybel: "Hy wat My Vlees eet en My Bloed drink, het ewigdurende Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar sal oorgaan . . . het oorgegaan uit die dood tot die Lewe. Hy wat My Vlees eet en My Bloed drink, het Ewige Lewe, en Ek sal hom opwek op die laaste dag." Dis die belofte. Dis wat U gesê het. Dis wat ons glo.

116 En, Here God, O Heilige Gees, beweeg op ons. O, beweeg, God! Beweeg, O Here, in ons. Gees van die lewende God, ontvang ons, Here. In Christus se Naam, ontvang ons. Reinig my, vorm my, omskep my, O God, in 'n beeld van die Seun van God. Neem my, Here, ek is Uwe. Ek gee hierdie kerk aan U. Ek gee elke siel hier aan U, saam met myne, Here. Vorm ons nou en omskep ons, en laat ons ons sondige bose maniere vergeet, en weet solank as wat ons ons—ons geloof, dié geloof wat ons het, vestig op U beloofde Woord, sal U ons voortdra van oorwinning tot oorwinning. U het dit belowe.

117 Satan kan ons nie seermaak nie, Here. Hy sou alles kon doen wat hy kan doen en hy kan ons nie aanraak nie. Toe U hom losgelaat het op Job eenkeer, het U gesê: "Moenie sy lewe neem nie." Hy het alles gedoen behalwe om dit te neem. Maar hy kon dit nie doen nie, omdat U belofte steeds daar was vir Job.

118 En God, U is vandag steeds dieselfde God. U beskerm U Eie. Ons weet dis die Waarheid, en ons wy ons opnuut toe. Was ons sondige siele, Here, waar ons ons geloof bely. En, Christus Jesus, ontvang ons. En wanneer ons begin om hierdie Here se Avondmaal te gebruik, God, hê gemeenskap met ons in ons harte. Sê ons nou waar ons verkeerd is. Wys ons waar ons verkeerdheid is, Here. Ons bekeer ons nederig daarvan. Ek lê nederig al my sondes op die altaar, Here. Ek plaas my nederig op U Woord, Here, en op U genade.

119 Hier is ek, Here, maak met my soos U goeddink. Dis die kreet van hierdie kerk, Here: "Maak met ons soos U goeddink." Ek kan net vir my—vir my eie self praat, Here, maar ek glo in hulle harte glo hulle dieselfde ding. Maak met ons soos U goeddink. Ons glo. Ons wil erfgename wees, en ons weet ons is erfgename solank ons in Christus Jesus bly. Ons is erfgenaam saam met Hom voor die Troon.

120 Wees nou met ons. Genees die siekes in ons midde, Here. As daar vanaand 'n siek liggaam hier is, raak dit aan, genees dit, maak dit gesond. Skenk dit Here. As daar 'n siek siel is, mag

dit sommer nou genees word. Laat daardie kreupel siel reguit gemaak word. Mag daardie lam knieë wat neerhang en daardie swak hande oprys in glorie en uitroepe tot God. Mag die krom paaie reguit gemaak word. Mag daar ’n hoofweg wees in die wildernis vir ons God.

121 Here, ons glo U kom spoedig, en laat ons U Woord laat voortklink, Here, en ’n hoofweg maak in die wildernis, die krom plekke reguit, vir ons Here. Laat ons elke denominasionele wortel wegskiet. Laat ons elke wortel van bitterheid wegskiet, alle kwade gevoelens, afguns en twis wegsluit, dat die ware Woord van God kan vloei soos riviere van vreugde. Skenk dit, Vader. Ons gee ons nou aan U net voor ons hierdie Here se Avondmaal gebruik. In Jesus Christus se Naam. Amen.

122 Terwyl, Suster Spencer wil gebed vir haar liggaam hê. [Suster Spencer praat met Broer Branham—Red.] God seën jou, Suster Spencer.

Hemelse Vader, hierdie arme ou geheiligde vrou, en hierdie een wat sit. Julle sien ’n vrou wat kreupel is. “Behoort hierdie dogter van Abraham nie op die Sabbatdag verlos te word nie?” En nou miskien het die meeste van haar vriende, Here, die outjie se vriende wat sy altyd onthaal het, daardie predikers, waar hulle in haar huis gesit het, het hulle al heengegaan, baie van hulle, al die groot hoofweg na die Hemel gevat. Sy’s alleen agtergelaat, Here, as ’n getuienis. Niemand nou nie, net haar kinders, en miskien ’n vriend hier en daar, Here, ’n familielid nou en dan. Maar sy staan alleen soos ’n groot woud wat omgewaai is, en een boom het oorgebly. God, ek bid dat U sal neerkyk op genade, Here, dat sy wortels diep onder gemaak het. En staan op die heuwel Golgóta, Here, gewortel en gegrondves in die Geloof van Christus. Ek lê my hande op hierdie liewe ou vrou en veroordeel hierdie knop onder haar tong, dat dit haar verlaat en sy gesond gemaak word. In die Naam van Jesus Christus. Amen. God seën jou. Dankie, Suster Spencer. Dit sal gedoen word. Moet dit net nie enigsins betwyfel nie. Goed.

My geloof kyk op na U,
Want daar op Gólgota,
Verlos U vir my;
Hoor my nou waar ek bid,
Was al my sondes wit,
En laat my altyd bly
Na aan U sy.

Luister, sing nou saam met my.

Deur aardse duister kring,
Waar smarte ons omring,
Wees U my Gids;

Verander nag in dag,
Soos U die leed versag,
Ek wil vanaf vandag
Net Uwe bly.

123 Uit die diepte van jou hart nou, slegs God weet dit, uit die diepte van jou hart, bedoel jy dit regtig: "Ek wil vanaf vandag, Here, net Uwe bly"? Laat ons daardie laaste deel weer sing.

En laat my altyd bly
Na aan U sy.

124 Nou almal saam. Groot Herder van die kudde, U het ons geleer dat ons so moet bid. [Broer Branham en gemeente bid saam—Red.] Ons Vader wat in die Hemel is, Laat U Naam geheilig word, Laat U koninkryk kom, U wil geskied, soos in die Hemel, net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood. En vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose; want aan U behoort die Koninkryk en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen. Julle kan maar sit.

125 Ek word gebed vir Suster Shepherd se kind versoek. Dit skiet my nou te binne dat hulle 'n ruk gelede gebel het vir gebed vir die kind, en ek het gebid vir haar. Ek het 'n onderhoud gehad om net hier te ontmoet, en ek kon nie na die huis toe gaan nie. Maar hulle het gesê die dogtertjie was siek en het 'n koors gehad, en soort van verstywing, wat ongetwyfeld net 'n virus is wat nou rondgaan. Julle weet daarvan. Somtyds trek hulle spiere op so 'n manier, jy moet hulle heen en weer werk met hulle hande, soos Mev. Haley en baie hier. Dis 'n virus wat rondgaan. En sy . . . het gebid. En ek het gesê as die baba nie beter geword het teen negeuur of tyd wat ons die diens afsluit nie, om hierheen te bel en ons sou daarlangs kom; as die baba beter was, goed. So laat ons nou net ootmoedig, voor ons die nagmaal gebruik, vir daardie kind bid.

126 Here Jesus, daardie babatjie, ek weet nie hoe oud sy is of niks nie, maar dis een van ons geliefde dissipels hier, Here, een van ons gelowiges. Dis hulle kind, van Suster Shepherd en Broer Shepherd, 'n klein juweeltjie wat U hulle gegee het, Here. Ons bid dat U oor haar sal waak, en haar seën en haar beskerm, en haar genees en haar gesond maak. Ons maak daarop aanspraak juis nou. Na hierdie boodskap, maak ons daarop aanspraak. Ons maak daarop aanspraak vir die heerlikheid van God, volgens Sy Woord. In die Naam van Jesus Christus, mag die siekte daardie kind laat los. En mag die kind herstel en gesond wees, tot die heerlikheid van God. Nou is dit gespreek, nou sal dit gedoen word. Amen. Glo julle?

As ons net op Hom vertrou, sal Hy jou voorwaar
behou;
Neem jou laste na die Heer en laat dit daar.

Laat dit daar, o, laat dit daar,
Neem jou laste na die Heer en laat dit daar;
As jy net net op Hom vertrou, sal Hy jou voorwaar behou;
Neem jou laste na die Heer en laat dit daar. (Dis al wat jy doen.)

Word jou lyf verteer deur pyn, jou gesondheid aan die kwyn,
Onthou net: God in die Hemel hoor gebed;
Nou, Jesus ken die pyn ook reeds, Hy kan red en Hy genees;
Neem jou laste na die Heer en laat dit daar.

127 Nou laat ons sommer mekaar se hande skud, terwyl ons hierdie laaste vers sing.

Laat dit daar, (gemeenskap, julle weet, kommunikasie) laat dit daar, (prys die Here!)
Neem jou laste na die Heer en laat dit daar;
As ons net op Hom vertrou, sal Hy jou voorwaar behou;
Neem jou laste na die Heer en laat dit daar.

128 O, is Hy nie wonderlik nie? Nou, nou met ons belydenis, ons geloof, ons belydenis van ons sondes, glo dat al ons sondes in die see van vergetelheid is. Hy wat sy sondes sal bely, God is regverdig om hulle weg te laat. Sien? Hulle is in die—die see van die Bloed van Jesus Christus, om nooit weer onthou te word nie. Hoeveel van julle vroue weet wat bleikmiddel is? Julle almal. Nou, laat ons sommer 'n yslike groot wasbak vol Clorox vat, dis een bleikmiddel, 'n yslike groot bak vol Clorox. En dan gaan jy 'n klein oogdruppertjie neem, en jy't een druppel swart ink in daardie oogdrupper, dis jou sondes. Staan regoor daardie bak, en druk dit uit, kyk dan af in die bak en soek dit. Wat het daarvan geword? Wat het geword van die ink? Toe dit daardie bleikmiddel getref het, was dit so sterk, dit het die kleur sommer daaruit gevat, dit kan nooit meer wees nie. Wat is dit? Dis weg, dis ewiglik verlore. Wat is dit? Die—die ink self word Clorox. Dis die Bloed van Jesus Christus teenoor elke belyde sonde. Wat is dit? Dis vergete, dis gedoen, dis klaar, dis uitgelaat, dis geskei, dis weggesit. Dit kan nooit meer teen jou onthou word nie.

129 ['n Suster praat uit die gemeente—Red.] Iemand noem my naam, êrens. [Die suster getuig van pas genees te wees.] Wel, prys die Here! Steeds lewend! Dank die Here. Ons dank die Here. O God, hoe loof ons U vir U goedheid. Ja, nederige klein siel daaragter aangeraak, die Here het haar aangeraak. Goed. Hy's die Hoëpriester wat geraak kan word deur die meegevoel met ons swakhede.

130 Onthou, elke woord is 'n Anker, standvastig en seker. Daar's nie . . . Sien? Vestig net julle geloof reg daarop en moenie beweeg

nie, bly net daar. Nou, jy kan dit nie daar vestig en dit dan weer oproep nie en sê: "Ek sal dit weer probeer." Vestig dit daar. Bly net daar daarmee. Ja, meneer. Soos Abel gemaak het, sterf uit vir jou eie gedagtes. Sê net: "God, dis U Woord, dis nie wat ek dink nie. Dis U Woord. Daar is dit." En Abel het gesterf op die Rots. En, dit, Hy sal aanraak net soos Hy die suster daar het. Net so eenvoudig.

131 Ons probeer dit maak . . . Ons doen dit nie. Satan probeer dit so ingewikkeld maak, julle weet, sê: "O, julle weet, dit was vir 'n vergange dag," en dit alles. Dis net ongelowiges.

132 Maar vir julle wat glo, is Hy kosbaar. Nou nie toegelaat nie, inderdaad; maar Hy is 'n kosbare Steen wat kom na 'n lewendige Steen, 'n kosbare Steen, die hoof Hoeksteen. O, goeiste. O, hy wat hierdie Steen aanraak, word genees! Dis al. Amen.

133 Nou, is ons nie dankbaar teenoor die Here nie? Sommer bly, ek's so bly dat die Here God is. Amen. So bly dat Hy 'n teder Vader is, vol genade, doen Sy Woord gestand, onderhou Sy Verbond, vergeet Dit nooit nie. Hy hou Sy Verbond. Hy moet, Hy's God, Hy het Dit gemaak. Hy's die Fontein van alle Waarheid. Sien? Daar kan nie iets anders wees, behalwe onvervalste Waarheid die hele tyd nie. Elke Woord wat Hy spreek is onfeilbaar. En hierdie is Sy Woord. En, O God, laat my geloof onfeilbaar Daarin wees, amen, dan kan Dit onfeilbaar word soos die Woord onfeilbaar is, dan sal die Woord in daardie soort geloof enigiets voortbring wat die Woord sê dat Dit sal doen. Amen. So, reinig my, Here. Toets my, reinig my, genees my, beskerm my, seën my, en gee my U genades, is my gebed tot God. Amen.

134 Nou, ek gaan nou 'n gedeelte lees van die Woord, gevind in Een Korinthiërs, die 11de hoofstuk, 23ste vers.

> *Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus . . . die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;*
>
> *en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.*
>
> *Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.*
>
> *Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.*
>
> *Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die* bloed *die liggaam en die bloed van die Here.*
>
> *Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.*

Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.

Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.

Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.

Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.

Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag saam met *mekaar, wag vir mekaar.*

135 Nou mag ek dit sê. Jesus het ons hierdie opdrag gegee voor Hy na Sy dood gegaan het, in die wete dat Hy daarheen sou gaan. Die dissipels het steeds gewonder waarvan Hy gepraat het, toe hulle dit neergeskryf het. Maar Hy het gesê: "Hierdie beker is die Nuwe Testament in My Bloed. Doen dit so dikwels as julle eet en dit drink, verkondig julle My dood totdat Ek kom." O, daardie kosbare Woorde!

136 Die dissipels het ongetwyfeld gewonder: "Wat bedoel Hy: 'Verkondig Sy dood'? Hoe sou ons dit kon doen?" Hier was alles 'n verborgenheid vir hulle, maar nie vir Hom nie. Hy was God. Hy het geweet wat Hy moes doen. "Verkondig . . . " Toe het Hy gesê: "Wanneer julle saamkom om te eet . . . "

137 Nou: "Hy wat eet en drink op onwaardige wyse," kom hierheen en gee voor om 'n Christen te wees, neem die liggaam van Christus, en gaan dan uit en lewe saam met die wêreld en—en ontken Christus en Sy krag, en sulke dinge, jy—jy doen 'n groot oneer aan God. Jy—jy doen oneer aan Christus, so jy moet dit nie neem nie. Maar as jy probeer met alles wat in jou is, om reg te lewe, en om te vertoon dat jy 'n Christen is, dat jy Jesus Christus liefhet, dan is dit jou plig om dit te doen.

138 En nou oorkant in . . . Ek meen dis in Johannes, die 6de hoofstuk, het Jesus gesê: "Wie ook al My Vlees eet en My Bloed drink, het ewigdurende Lewe, en Ek sal hom opwek op die laaste dag." Nou, daardie belofte, is dit nie 'n heerlike ding nie? "Ek sal hom opwek."

139 Het julle ooit gedink waarvoor julle hier is? Waarvoor—waarvoor gaan julle skool toe, kinders? Waarvoor werk jy, pa? Wat laat jou opstaan, en moeder, op 'n oggend, en kry die kinders skool toe, was hulle gesig, en maak die beddens op en kook, en—en—en doen dit alles? Kom in, uitgeput daardie nag, en begin die volgende dag dieselfde ding. Waarvoor doen julle dit? Waarom werk en slaaf jy, pa, en alles? Kom in in die aand, en moeg, en een van die kinders raak siek en jy loop oor die vloer, en huil en bid en worstel, en hulle raak gesond; en dan terug, en jy doen dit

weer. En elke Sondag hulle gesigte was en hulle daar by die kerk kry. En, wel, waaroor gaan dit alles? Waarvoor is hy hier? Is dit al wat daaraan is? Goeiste, dit sou treurig wees, en weet jy moet in elk geval gaan. Sien? Waaroor gaan dit alles?

140 O! Broer, dis 'n eksamentyd, dis 'n geleentheidstyd! Dis 'n geleentheid om Hierdie te aanvaar. Noem my iets om Sy plek in te neem. Noem my iets beter as Dit. Bring enigiets in die wêreld voort, wees die koning van die aarde, regeer die heelal, wees 'n Khrushchev of 'n Kennedy, of wat jy ook al wens om te wees, jy sal nietemin doodgaan. Reg! Jy weet nie watter tyd dit sal kom nie, enige minuut. Maar hier, wanneer die dood wel tref, het jy Ewige Lewe en kan nie sterwe nie, met 'n waarborg deur die God van die hele skepping, Wat die Besitter van Hemele en aarde is: "Ek sal hom weer opwek op die laaste dag."

141 Help U my ongeloof, O God. Vervul my siel, O God, reinig my, vervul my, gee my opdrag, stuur my uit. Laat my nie sterf nie, laat my lewe om die Verhaal te vertel. Laat my gaan na elke skeur en hoek van die aarde, en die Woord verkondig en die saad saai, ja, meneer, dat daar 'n oes kan wees in die laaste dag, van die ware onvervalste Woord, met gelowiges in Christus.

142 Is julle sondes onder die Bloed, deur geloof vanaand in Christus Jesus? Ons sal nou die nagmaal neem. Nie die nagmaal nie; [Eng. Communion—Vert.] julle het gemeenskap [Eng. Communion] soos julle saam eet. Hou net gemeenskap met God. Die nagmaal is nie die brood nie, nie die wyn nie, die *gemeenskap* is "praat en terugpraat met God." En hierdie is 'n simbool wat ons gebruik, dat ons in Sy dood glo, gebroke liggaam, Sy begrafnis en opstanding, ons glo in die Teenwoordigheid van die Heilige Gees. En ons glo dat Hy ons Ewige Lewe gegee het en ons nie kan sterf nie, ons het oorgegaan van die dood tot die Lewe. En eendag wanneer ons hier van mekaar skei, sal ons weer opstaan in die opstanding saam met mekaar, saam verbind met Christus Jesus, as 'n Liggaam. Amen. Op hierdie basis, en die belydenis van my sondes en my geloof in die Seun van God, bring ek myself en die kerk voor hierdie artikels wat God vir ons gelaat het om te doen, om Sy dood te verkondig totdat Hy kom.

143 Jesus het gesê: "Dit is My liggaam wat vir julle gebreek word. Eet, doen dit tot My gedagtenis."

144 Ons Hemelse Vader, nadat ons ons sondes bely het, U Woord gehoor het, nadat ons bely het dat ons onwaardig is, en ons slegs vertrou op die meriete van die Seun van God. Ons is onwaardige skepsels. Vergewe ons, Here, vir alles wat ons gedoen het. En nou, deur geloof, kom ons na die tafel van die Here. En nou soos hierdie brood aangebied word om die liggaam van ons Here voor te stel, bid ek, Vader, dat U dit sal heilig vir sy voorgenome doelwit. En mag elke persoon wat deelgenoot is hiervan, Ewige

Lewe in hulle siel hê. En mag elke persoon wat dit neem, genesing in hulle liggaam hê, en die neergelegde tyd lewe wat U hulle gegee het. En mag hulle U dien al die dae van hulle lewe, en opgewek word op die laaste dag in die opstanding, om versamel te word saam met die stamme van die aarde, wat verlos word deur die Bloed van Christus. Skenk dit, Here, in Jesus se Naam vra ons dit. Amen.

145 Die Bybel het gesê: "Ook het Hy die beker geneem, en nadat Hy geëet het, gesê: 'Dit is die beker van die Nuwe Testament, so dikwels as julle dit drink, verkondig julle die Here se dood totdat Hy kom.'"

146 Hemelse Vader, ons hou voor U die vrug van die wingerdstok vanaand, hierdie wyn. En ons bid, Hemelse Vader, dat U hierdie wyn sal heilig, dit stel die Bloed voor wat vir ons gestort was op Golgóta. Deur hierdie Bloed het ons vergifnis van ons sondes, deur geloof in die voltooide werk van Jesus Christus. Vergewe ons vir al ons . . . al ons ongeloof, Here, en gee ons geloof en begrip, en maak ons U dienaars, Here, dat ons U kan dien al ons dae. Wees met ons, Vader, waar ons saamkom rondom hierdie tafel, en seën ons in hierdie mooi samesyn en gemeenskap met U. En mag U tot ons harte spreek en aan ons uitwys, die werk wat ons moet doen. Skenk dit, Here. Heilig hierdie wyn vir sy voorgenome doel. In Jesus Christus se Naam vra ons dit. Amen.

Om Alles Te Besit AFR62-0506
(Possessing All Things)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 6 Mei 1962, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org